Jan Krielskool

PROSPEKTUS

Skoolstraat

Posbus 17

Kuilsrivier

7579

Telefoonnommer: (021) 9031108/9

Faksnommer: (021) 9031220

E-pos: jks@jankriel.co.za

www.jankriel.co.za

SKOOLHOOF

Mnr. G.B. Odendaal

AFDELINGSHOOFDE

Mev. B. Wright (Gr 7 - 12)

Mev. M. Oosthuysen (Gr R – 6)

Mev. A. Snyman (Hulpdienste)

1. SKOOLLIED

Teen die groen van dennebome
en die blou van sonskynlug
staan 'n skool met ideale
wat ons lewens daagliks rig.
Uit die adel van ons jonkwees
word die beste steeds verwerk
want ons bou vir later lewe
in ons diens aan land en kerk.

Ons sien kans vir grootse dinge
want Jan Kriel kon vir ons leer
dat uit elke splinter lewe
nuwe kragte hoogwaarts keer.
So sal ons die stryd bemeester
en met steun van hoër krag
elke dag ons beste lewer
vir elk' taak van ons verwag.

Bewoording: mnr. W.W. Kilpert (24 Julie 1984)
Toonsetting: mev. B. Carstens

2. Geskiedenis van Jan Krielskool

Jan Krielskool het sy ontstaan in 1937 te danke gehad aan die onvermoeide ywer van ds. en mev. Kriel, leraarspaar van die Nederduits Gereformeerde Moedergemeente, Kuilsrivier. Hulle geliefde seun, Jan, het epilepsie gehad en is op 16-jarige ouderdom oorlede.

3. Jan Krielskool se visie

Dat elke leerder met sy/haar unieke onderwysbehoeftes sy/haar volle potensiaal sal bereik om sinvol en onafhanklik in die samelewing aan te pas en te groei tot volwassenheid.

4. Jan Krielskool se missie (verkort)

Om deur gespesialiseerde en verbesonderde strukture die leerder met spesiale onderwysbehoeftes te onderrig en te ondersteun sodat elkeen geestelik, verstandelik en sosiaal sal groei om sy/haar volle potensiaal te verwesenlik.

5. Taal van onderrig en leer

As ‘n dubbel (parallel) medium skool, streef Jan Krielskool daarna om Afrikaans- en Engelssprekende leerders te verenig in ‘n hegte skoolgemeenskap waarin die taal en kultuur van albei groepe eerbiedig en bevorder word.

6. Akademiese Afdeling

Pre-primêr	Graad R
Grondslagfase	Graad 1 tot 3
Intermediêre fase	Graad 4 tot 6
Senior fase	Graad 7 tot 9
VOO	Graad 10 tot 12

Jan Krielskool volg die Kurrikulum- en assesseringsbeleids-verklaring (KABV) van graad R – 12 soos in ‘n hoofstroom-skool. Aan die einde van graad 12 skryf Jan Krielskool-leerders die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen.

Skooltye

Graad R-3

Graad R	07:45 – 13:00 (daagliks)
Graad 1 & 2	07:45 – 13:00 (Dinsdae, Woensdae, Vrydae)
Graad 1,2 & 3	07:45 – 14:30 (Maandae, Donderdae)
Graad 3	07:45 – 13:30 (Dinsdae, Woensdae, Vrydae)

Graad 4 – 12

Maandae en Donderdae	07:45 – 14:30 (sport ingesluit)
Dinsdae en Woensdae	07:45 – 14:30
Vrydae	07:45 – 14:00

7. Grade en vakke aangebied

7.1 Graad 1 – 3

Afrikaans Huistaal/English Home Language
English First Additional Language/Afrikaans Eerste Addisionele Taal
Wiskunde
Lewensvaardigheid

Graad 4 – 6

Afrikaans Huistaal/Engels Home Language
English First Additional Language/Afrikaans Eerste Addisionele Taal
Wiskunde
Natuurwetenskappe & Tegnologie
Sosiale Wetenskappe
Lewensvaardighede

Graad 7 - 9

Afrikaans Huistaal/English Home Language
English First Additional Language/Afrikaans Eerste Addisionele Taal
Wiskunde
Natuurwetenskappe
Tegnologie
Skeppende Kunste
Sosiale Wetenskappe
Lewensoriëntering
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Graad 10 – 12

Verpligte vakke
Afrikaans Huistaal/English Home Language
Engels Eerste Addisionele Taal/Afrikaans First Additional Language
Lewensoriëntering
Wiskundige Geletterdheid/Wiskunde

Gr 10 – 12

Keusevakke (Kies DRIE)
Rekenaartoepassingstegnologie (RTT)
Besigheidstudies
Toerisme
Gasvryheidstudie
Lewenswetenskappe
Visuele Kuns
Landboutegnologie

7.2 Boeke

Grondslagfase: Skryfboeke word voorsien soos nodig.

Intermediêre fase: Gekondenseerde notas en werkvelle word aan leerders voorsien. Handboeke word ook aan die leerders geleen vir ‘n jaar.

Hoërskool: Die eerste stel skryfboeke word jaarliks deur die skool aan hoërskoolleerders voorsien. Ouers betaal aan die begin van die jaar ‘n bedrag vir Leerondersteuning en Onderrigmateriaal (LOOM).

7.3 Tuiswerkboeke

- Tuiswerkboeke stel die ouer/voog en die leerder in staat om te weet watter tuiswerk vir die volgende dag voltooi moet wees. Tuiswerkboeke kan ook deur die opvoeder of ouer/voog gebruik word vir boodskappe.
- Graad R – 3: Leerders koop ‘n A4 hardebandboek aan soos deur die skool voorgeskryf.
- Graad 4 – 6: Leerders koop ‘n A5-dag-vir-dag dagboek aan.
- Graad 7 – 12: Leerders koop tuiswerkboeke aan soos voorgeskryf.
- D6 Communicator kan ook deur opvoeders benut word om tuiswerkopdragte, take, roosters, spesiale opdragte en belangrike inligting aan ouers te kommunikeer.

8 Buitemuurse bedrywighede

8.1 Sport

- Deelname aan ‘n buite-kurrikulêre aktiwiteit (sport/ kultuur) is verpligtend. Dit vorm deel van die skooldag.
- Dit is die ouers se verantwoordelikheid om die skool skriftelik in te lig wanneer ‘n leerder nie aan sport mag deelneem nie. ‘n Mediese sertifikaat moet voorsien word.
- Sportafrigting vind plaas op Maandae en Donderdae tussen 13:25 en 14:30.

Die skool bied afrigting in die volgende sportkodes aan:

Aerobiese oefeninge
Atletiek
Pluimbal
Skaak
Krieket
Landloop
Dans
Gholf
Minitennis
Netbal
Rugby
Sokker
Tafeltennis
Tennis
Toutrek
Sport vir fisies gestremdes (atletiek, boccia, fietsry)

8.2 Kultuuraktiwiteite

In die hoërskool word daar tydens ‘n weeklikse kultuurperiode aktiwiteite soos koor, debatte, redenaarskompetisies, flinkdink-kompetisies, dramaklasse en talentontwikkeling aangebied. Die leerders se behoeftes word van tyd tot tyd bepaal en die aktiwiteite aangepas.

Leerders van alle fases kry geleentheid om aan verskeie afdelings van die Eisteddfod deel te neem.

Daar word jaarliks alternatiewelik ‘n talentaand of ‘n koor en musiekfees aangebied.

Daar word elke vyf jaar ‘n skoolkonsert gehou.

8.3 Geestelike bearbeiding

LIFE – **L**ove, **I**nspiration, **F**reedom, **E**xpression.
Die organisasie poog om:

- ‘n platform daar te stel waar leerders van verskillende agtergronde uiting kan gee aan hulle talente en lewensvaardighede kan ontwikkel en
- om ‘n atmosfeer daar te stel waar leerders geestelik en emosioneel kan groei en ingeligte keuses kan maak.

9 Hulpdienste

Jan Krielskool volg ‘n multi-professionele spanbenadering. Die span bestaan uit die leerder, sy/haar ouers, die opvoeders en die lede van die hulpdienste wat by die leerder betrokke is. Die hulpdienste bestaan uit:

- Arbeidsterapeute, fisioterapeute en spraak- taalterapeute en oudioloë wat benewens evaluering, spanbesprekings, groepwerk en beperkte individuele terapie, in noue samewerking met opvoeders terapeutiese intervensies in die klaskamer lewer en deelneem aan multi-professionele spanbesprekings.
- Geregistreerde verpleegkundiges wat leerders bystaan wat mediese versorging benodig (bv. sorg dat medikasie effektief is en gereeld geneem word, skakel met medici, opvoeders en ouers).
- Sielkundiges is betrokke by alle toelatings en ontslagte. Hulle evalueer leerders deur middel van gestandaardiseerde toetse en adviseer ouers en leerders in verband met persoonlike probleme, vakkeuses, loopbaanaan-geleenthede en studiemetodes.
- Personeel van SAALO (Sentrum vir Assesserings-akkommodasies en Leerondersteuning) wat in samewerking met die multi-professionele span leerders identifiseer wat assesseringsakkommodasies benodig om toegang tot die kurriulum te verkry en hul potensiaal te

bereik.

- ‘n Maatskaplike werker ondersteun leerders en gesinne met sosiaal-maatskaplike kwessies.

10 Belangrike inligting aan ouers

Indien ‘n leerder van oudioleer gebruik maak, is dit die ouers se verantwoordelikheid om die voorgeskrewe apparaat aan te skaf.

‘n Pendel-busvervoerdiens is in bepaalde areas vir dagskoliere beskikbaar. Navraag kan gedoen word by die vervoerkoördineerder.

Nasorgdienste is op skooldae beskikbaar tot 17:30. Vervoer huis toe moet self voorsien word. Kontak die skool vir navrae.

Die skool se *Gedragskode*, *Dwelmbeleid, Skuldinvorderings-beleid, Anti-boeliebeleid, Sosiale Mediabeleid* asook die *Skool- en Koshuisreëls*, word by toelating aan die leerder en sy/haar ouer(s)/voog(de) beskikbaar gestel. Daar word verwag dat hierdie riglyne en reëls bestudeer en nougeset nagekom sal word.

Skool- en koshuisgeld is vooruitbetaalbaar per maand, kwartaal of jaar. Busgeld word maandeliks vooruitbetaal deur middel van debietorder- of internetbetalings. Debiet-orderbetalings word gereël met die finansiële beampte.

Daar is toesluitkassies, te huur, by die skool beskikbaar waarin die leerder sy/haar selfoon, tablet, skootrekenaar en ander toestelle vir veilige bewaring kan toesluit. Leerders word ontmoedig om ander waardevolle apparaat skool toe bring aangesien die skool nie verantwoordelikheid vir hierdie aparaat aanvaar nie.

Die skool benut d6-Communicator as ‘n kommunikasie-hulpmiddel om kontak met ouers te vergemaklik. Ouers kan die d6-toepassing op hul selfone of rekenaars aflaai sodat hulle alle kennisgewings en algemene kommunikasie elektronies kan ontvang.

11 Skooldrag

11.1 Verskaffers

- SEGE SPORT, Van Riebeeckweg, Kuilsrivier, tel. 903-1855
- Windjekkers en skoolsweetpakke is by die skool verkrygbaar. Doen navraag by die voogonderwyser.

11.2 Tweedehandse klere

Skakel die skool vir aankope, omruilings en skenkings.

11.3 Kleredragvoorskrifte

Grondslagfase (Gr R – 3)

Dogters en Seuns	
Somer	**Winter**
JKS gholfhempie JKS blou sportbroek Wit tekkies Wit sokkies	JKS sweetpak Wit/blou langmou gholfhemp Wit tekkies met wit kouse of swart tekkies met swart kouse Blou skooltrui en/of JKS windjekker

Intermediêre fase (Gr 4 – 6)

Dogters	
Somer	**Winter**
Grys romp (nie broekromp) Wit kortmouhemp. Kort wit sokkies (omgeslaan). Swart skoolskoene, toeryg of gespes. Donkerblou V-halstrui (met of sonder moue), donkerblou Skoolbaadjie of windjekker indien verkies.	Grys romp of grys langbroek Wit langmouhemp Donkerblou skooldas (nie verpligtend nie) Swart broekiekouse (“tights”) of grys kniekouse by romp en grys sokkies by langbroeke Swart skoolskoene. Donkerblou V-halstrui (met of sonder moue), Skoolbaadjie of windjekker. Hare: Donkerblou of wit haar knippies en/of haarbande/ Alice bands..

	Donkerblou serp is toelaatbaar.
Seuns (Gr 4 – 6)	
Somer	**Winter**
Grys kort- of langbroek met grys of swart lyfband. Wit kortmouhemp. Donkerblou V-halstrui (met of sonder moue), Skoolbaadjie of Jan Krielskoolwindjekker. Swart toerygskoolskoene. (Gr 4 + 5 seuns mag kaalvoet loop, maar nie met skoolbaadjie nie.) Nie stewels, skoene met gespes of informele drafskoene nie. Grys skoolkouse.	Grys kort- of langbroek met grys of swart lyfband. Wit langmou skoolhemp. Grys skoolsokkies/ -kouse Donkerblou V-halstrui (met of sonder moue). Skoolbaadjie of Jan Krielskool windjekker. Swart toerygskoolskoene. Donkerblou skooldas vir graad (nie verpligtend nie) Skoolbaadjie verpligtend vir graad 10 – 12. Nie stewels, skoene met gespes of informele drafskoene nie.

Hoërskool (Gr 7 – 12)

Dogters	
Somer	**Winter**
Grys romp Wit kortmouhemp. Kort wit sokkies (omgeslaan). Swart skoolskoene, toeryg of gespes. Donkerblou V-halstrui (met of sonder moue). Skoolbaadjie of windjekker.	Grys romp of grys langbroek Wit langmouhemp met donkerblou skooldas. Donkerblou V-halstrui (met of sonder moue) Skoolbaadjie of Jan Krielskool windjekker (Skoolbaadjie verpligtend vir Gr 10 – 12). Swart skoolskoene. Swart broekiekouse by romp en grys sokkies by langbroeke Hare: Donkerblou of wit haar knippies en/of haarbande/ Alice bands.

Seuns (Gr 7 – 12)	
Somer	**Winter**
Grys kort- of langbroek met grys of swart lyfband. Wit kortmouhemp. Donkerblou V-halstrui (met of sonder moue). Skoolbaadjie of Jan Krielskoolwindjekker. Swart toerygskoolskoene. Nie stewels, skoene met gespes of informele drafskoene nie. Grys skoolkouse.	Grys kort- of langbroek met grys of swart lyfband. Wit langmouhemp met skooldas. Donkerblou V-halstrui (met of sonder moue), donkerblou skoolbaadjie of Jan Krielskool windjekker. Skoolbaadjie verpligtend vir graad 10 – 12. Swart toerygskoolskoene. Grys skoolsokkies/ -kouse Geen stewels, skoene met gespes of informele drafskoene nie.

11.4 Sportdrag vir spesifieke sportsoorte

Met toetrede tot ‘n sportsoort sal besonderhede aan die leerder en sy/haar ouers beskikbaar gestel word.

12. Koshuise

- Koshuisgeriewe is beskikbaar. Leerders wat ver van die skool, in areas buite bereik van die skool se vervoer-stelsel woon, word vir koshuisplasing oorweeg.
- Koshuisplasing van leerders jonger as tien jaar word nie aanbeveel nie.
- Seuns word volgens ouderdomsgroepe in een van drie koshuise gehuisves.
- Daar is een koshuis vir dogters.
- Elke koshuis word bestuur deur ‘n koshuishoof. Daar is vier en twintig uur toesig waarvoor huismoeders en opvoeders verantwoordelik is.
- ‘n Sentrale eetsaal met selfbediening word deur al die kosgangers gebruik.
- Leerders gaan elke naweek huis toe, of na familie of vriende, met die nodige toestemming van die ouer(s) of

voog(de).

- Koshuise sluit om 17:30 Vrydae en open op Sondae om 17:00.
- Aansoeke vir koshuisplasing word deur die uitvoerende bestuur en sielkundiges goedgekeur.

13. Aansoek om toelating tot Jan Krielskool

- Geen leerder kan direk by Jan Krielskool ingeskryf word nie.
- Aansoeke om toelating tot die skool word deur die leerder se huidige skool en die Distrikskantoor in daardie area hanteer.
- Die volledige aansoek met die nodige dokumentasie en aanbevelings word deur die betrokke skoolsielkundige van die Distrikskantoor aan die OLSO-Spesialis van die plaaslike Distrikskantoor voorgelê en dan na die Wes-Kaap Onderwysdepartement versend vir goedkeuring deur die Direkteur van Gespesialiseerde Onderwys-dienste.
- Jan Krielskool ontvang die aansoek vanaf die Metropool-Oos Onderwysdistrik (MOOD) vir verdere hantering en finale plasing.
- Leerders wat verwys is word bespreek by ‘n plasings-vergadering waarby departementele amptenare van hoofkantoor en distrikskantore asook verteenwoordigers van ander spesiale skole teenwoordig is.
- Plasing in Jan Krielskool is onderhewig aan die beskikbaarheid van ‘n plek in die relevante klas/graad.